Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-11-09

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN NOVEMBER 2020

WELKOM TERUG – MNR GERICKE

Graag verwelkom ons al ons ouers, kinders en personeel terug na 'n kort vakansie. Ons vertrou dat almal 'n heerlike ruskans gehad het. Hierdie kwartaal is baie kort met 'n klomp aktiwiteite wat almal lekker besig gaan hou. Sterkte!

Mag ons almal se oë gefokus wees op Jesus Christus sodat ons kennis, liefde en diens kan deel met ons harte vol vreugde

ALGEMENE JAARVERGADERING 2020 – MNR GERICKE

Ouditverslag 2019
Skoolverslag 2020
Begroting 2021

Alle ouers word hiermee kennis gegee en uitgenooi na die Jaarvergadering wat gehou sal word op Dinsdag, 24 November 2020 om 18:00. Die vergadering sal 'n virtuele vergadering wees (Zoom). Die skakel sal nader aan die tyd aan u deurgegee word.

Die volledige verslae sal vir hierdie vergadering beskikbaar gestel word 14 dae voor die tyd.

SKOOLGELDE VIR 2020 – MNR GERICKE

ABBA OUERS: BAIE BELANGRIK IN HIERDIE MOEILIKE TYE

Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer!

Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.

ITEM		BEDRAG PER MAAND	BETALINGSTYDPERK	BEDRAG VIR 2020
1	Skoolgeld vir enkelkind	R1 372	12 Maande	R16 464
2	Skoolgeld vir tweede kind	R1 372 (R2 744)	12 Maande	R16 464
3	Skoolgeld vir derde kind	R550 (R3 294)	12 Maande	R6 600
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se skoolgelde is nou betaalbaar.				
4	Naskoolgeld vir 'n enkelkind	R1 067	11 Maande	R11 737
5	Naskoolgeld vir tweede kind	R1 067 (R2 134)	11 Maande	R11 737
6	Naskoolgeld vir derde kind	R1 067 (R3 201)	11 Maande	R11 737
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se gelde is nou betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. *NB! NASKOOL GELDE IS VERLAAG VANAF 1 AUGUSTUS NA R800 PER LEERLING. ONTHOU ASB OM 'n KOSPAKKIE VIR HULLE IN TE PAK.*				
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	R1 485	12 Maande	R17 820
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se gelde is nou betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting word toegestaan indien u, u jaar se gelde vooruitbetaal nie.				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Faks asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na (011) 916-1963. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

TOETSROOSTER (GR 4 – 7) – MNR DENNER

DATUM	*VAK*	*GR*
Maandag, 23 November	Engels	4 - 7
Dinsdag, 24 November	Lewensvaardigheid Lewensoriëntering	4 – 6 7
Woensdag, 25 November	Wiskunde	4 - 7
Donderdag, 26 November	SW (Geografie)	4 - 7
Vrydag, 27 November	Afrikaans	4 - 7
Maandag, 30 November	SW (Geskiedenis)	4 - 7
Dinsdag, 1 Desember	EBW	7
Woensdag, 2 Desember	NW en Teg NW -	4 – 6 7
Donderdag,3 Desember	Tegnologie	7

BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE TOETSREEKS

1. Tydens die toetsreeks sal daar studietyd toegelaat word, voordat die vraestel geskryf word.

2 Slegs leerlinge wie se ouers toestemming verleen kan hulle kinders vanaf 11:45 of 12:00 kom afhaal. (Graad 1 tot 7) Hierdie reëling sal geld vanaf Maandag, 23 November tot en met Donderdag, 3 Desember 2020. **Geen leerling wat nie die toestemmingsbrief inhandig sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat voor 13:30 nie**.

3. Alle leerlinge wat nie om 11:45 / 12:00 huis toe gaan nie sal in 'n toesigklas geplaas word in elke graad tot 13:30.

4. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die toetsreeks teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser**.

5. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien die werk meer is en dit 'n **amptelike toetsreeks** is.

6. Verdaging van leerlinge in die middae tydens die toetsreeks is as volg:
   Gr 1, 6 en 7 verdaag 11:45
   Gr 2,3,4,5 en LSEN verdaag 12:00

WENKE VIR DIE TOETSREEKS

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die eksamen!

E-LEARNING - ME BRITZ

Soos u reeds besef het Covid 19 ons net nog meer afhanklik van tegnologie gemaak en eLearning by Laerskool Elspark speel 'n belangrike rol in u kind se akademie.

Ons is gelukkig in die bevoorregte posisie om soveel meer vir u kind te bied op die gebied van aanlyn onderrig, gebruik van WiFi en 'n span toegewyde onderwysers.

Daarom doen ons 'n beroep op u as ouer om asseblief voorsiening te maak vir die aankoop van 'n goeie gehalte tablet. Om 'n tablet te hê in Gr4-7 is 'n noodsaaklikheid en graag wil ek ons graad 3 ouers van 2020 aanmoedig om solank uit te kyk vir 'n tablet wat u kind in 2021 kan gebruik in graad 4.

Ons besef dat 'n tablet kan breek en moet dan ingestuur word vir herstelwerk. Ons vra dat dit so vinnig moontlik sal geskied. Maak asb gebruik van vakansies om hierdie tablette te herstel en op te gradeer omdat dit so 'n belangrike rol speel in ons leerlinge se leer en presteer.

Maak ook asseblief seker dat u u nuutste epos adres vir die kantoor stuur indien hulle dit nie het nie. Dit maak kommunikasie net soveel makliker. Die personeel se epos adresse is op ons webtuiste beskikbaar indien u iemand wil kontak.

Tablet spesifikasies:

10.1-inch FHD display
2GB RAM
16/32GB ROM
Android 8
5100mAh battery
Micro SD 256GB
Omhulsel

LEIERS 2021 AANKONDIGING – MNR MULLER

Die leiers van 2021 word op 10 November 2020 aangekondig.

Graad 6 leerlinge kom netjies met skooldrag skool toe. Dit is 'n normale skooldag en hul bring nogsteeds hul tasse en gaan na hul registerklasse toe.

Aanlynleerlinge in Gr 6 wat wil deelhê aan die dag se verrigtinge, kom vir die dag skool toe.

GHOLFDAG – LEIERPROJEK

Laerskool Elspark se leiers van 2020 bied ons jaarlikse Gholfdag aan op 27 November 2020 by Royal Oak, Country Klub in Brakpan. Die leiers van 2020 gaan hierdie fondse aanwend om opknappingswerk te doen aan Laerskool Elspark se hoofingang.

Koste: R400 per speler (R1600 'n vierbal)
R350 per karretjie
R500 om 'n gaatjie te borg (2 – 17) en u eie maatskappy te adverteer.
R1 000 om 'n gaatjie (1 of 18) te borg en u eie maatskappy te adverteer

Kontak die volgende persone indien u belangstel:

Chantelle Steyn (084 952 1092)
Carene Boshoff (083 280 0902)
Amanda Buys (072 808 0882)
Marinda Lourens (082 785 2953)
Karin Butler (083 308 8381)
Yolanda Pretorius (083 255 6818)
Dulcie Kitshoff (079 694 8238)
Riaan Pretorius (011 893 2024)

NB!!! Ons is opsoek na persone wat bereid is om hulle gholfkarretjie aan ons uit te verhuur vir die dag. Indien u ons sal kan help in die verband kontak asb. Me Lourens/Mnr. Pretorius.

GHOLFDAG PRYSE.
Ons wil graag 'n beroep doen op ons ouers om ons die jaar te help met pryse vir die Gholfdag. Enige iets wat u dink ons kan gebruik vir pryse sal welkom wees. Groot asb! Kontak asb. enige van die bogenoemde persone indien u ons daarmee kan help! Dankie dat ons altyd op u bydraes kan staat maak!

DISSIPLINE – MNR DENNER

NETHEID EN HARE

Tydens die toetsreeks moet alle leerlinge in skooldrag geklee wees. Geen Vrydagdrag word toegelaat nie. Die leerlinge se hare moet volgens skoolreëls wees. Geen "comb-overs" vir die seuns word toegelaat nie.

Netheid speel 'n groot rol in 'n skool se dissipline ons versoek dat ouers asb. veral nou met die aanloop na die toetsreeks sal seker maak dat die kinders korrek, netjies en skoon skool toe gestuur word.

OPVOEDING – ME GROBLER

Ons het een land. Kom ons leer ons kinders om ons omgewing op te pas en te bewaar.

Belangrike riglyne
Motiveer u kind om:

- Papiere en vullis in die asdrom te gooi.
- Krane toe te draai en water te bespaar.
- Nie blomme en plante te verniel nie
- Nie voëls se nessies te verwyder nie.
- Nie rommel by die motors se vensters uit te gooi nie.

Onthou: Die toekoms is immers in ons kinders se hande.

DANKBAARHEID

- Dankie aan al ons ouers en leerlinge wat ons skool so goedhartig ondersteun en ons naam hoog hou. Ons waardeer u!!
- Dankie aan ons Almagtige God vir die voorspoed wat ons skool beleef in dié moeilike tyd.

Psalm 46:11

Bedaar en erken dat Ek God is.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toetsreeks

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____ in Gr ____ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 23 November tot Donderdag, 3 Desember 2020 om 11:45 (Gr 1,6 en 7) / 12:00 (Gr 2,3,4,5 en LSEN) huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreels) tydens die komende toetsreeks.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer

Kwartaal 4
2020
Aanhouers wen!

LAERSKOOL

ELSPARK

Kom groei saam met dié skool vir kinders.

November 2020

Kwartaalprogram - Kwartaal 4

SON	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SAT
1	2 **Skool Begin**	3 •	4 Formele Assessering • Gr. 5 Afr. – Opstel • Gr. 4 Eng. – Transactional Writing • Gr. 6 + 7 SW – Assessering	5 Formele Assessering • Gr. 5 Eng. – Listening Comp • Gr. 5 Afr. – Luisteroefening • Gr. 4-7 – Kuns & Kultuur	6 Formele Assessering • Gr. 5 - Eng. – Transactional writing • Gr. 4 – Eng. – Listening Comp.	7
8	9 • **Afbakening na ouers** Formele Assessering • Gr. 4 Afr.– Luistertoets	10 • **Leieraankondiging**	11 Formele Assessering • Gr. 7 Afr. – Letterkunde	12 Formele Assessering • Gr. + 6 + 7 - SW	13	14
15	16 ➢ Hersiening – Gr. 4-7 GLF Formele Assessering • Voltooi mondelinge + lees Assessering.	17 ➢ Hersiening – Gr. 4-7 GLF Formele Assessering • Voltooi mondelinge + lees Assessering.	18 ➢ Hersiening – Gr. 4-7 GLF Formele Assessering • Voltooi mondelinge + lees Assessering.	19 ➢ Hersiening – Gr. 4-7 GLF Formele Assessering • AFR - Assessering	20 ➢ Hersiening – Gr. 4-7 GLF Formele Assessering • LO, Kuns en Musiek Assessering	21
22	23 **EKSAMEN – TOETS** **ENG – Gr. 4-7** GLF Formele Assessering • ENG (FAL)- Assessering	24 **EKSAMEN – TOETS** **LV – Gr. 4-6** **LO – Gr. 7** GLF Formele Assessering • LV - Assessering • **Algemene Jaarvergadering**	25 **EKSAMEN – TOETS** **WISK. Gr. 4-7** GLF Formele Assessering • WISK - Assessering • **BL Afsluiting**	26 **EKSAMEN – TOETS** **SW (Geografie) Gr. 4-7**	27 **EKSAMEN – TOETS** **AFR. Gr. 4-7** • **Gholfdag – Royal Oaks**	28
29	30 **EKSAMEN – TOETS** **SW (Geskiedenis)** **Gr. 4-7**					

Desember 2020

SON	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SAT
		1. **EKSAMEN – TOETS** **EBW – Gr. 7**	2 **EKSAMEN – TOETS** **NW – Gr. 4-7**	3 **EKSAMEN – TOETS** **TEGNOLOGIE – Gr. 7**	4	5
6	7 • **Prysuitdeling Gr. 1+2+-3 + LSEN (Jnr.)** • **Kontrole van lêers**	8 • **Prysuitdeling Gr. 4+5+6** • **Hoofleier Aankondiging**	9 • **Prysuitdeling Gr. 7 + LSEN (Snr.)** • **Kleuterskool Gradeplegtigheid** • **Gr. 7 Klokseremonie**	10 • **Gr. 7 Afskeid**	11	12
13	14 ***M. Stoman (UPA)***	15 **Skool Sluit**	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31		